Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za

Ruan Lange

Besigheidsbestuurder: Laeveld, Hoëveld, Limpopo
T: 066 483 5277 / E: ruan.lange@laeveld.co.za

Gewasse: Mielies, soja, koring, avokado's, makadamias, mango's, sitrus
Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Ruan Lange is in Potchefstroom gebore, maar sy ouers het kort na sy geboorte na Nelspruit verhuis en hy ag homself gevolglik as 'n boorling van die Laeveld. Hy het by Hoërskool Nelspruit gematrikuleer, waar hy veral in verskeie sportsoorte op provinsiale vlak uitgeblink het.

Sy liefde vir die landboubedryf is vanaf 'n jong ouderdom geprikkel deur die tyd wat hy op sy oupa se plaas naby Schweizer-Reneke spandeer het. As tiener het hy vakansies gebruik om op plase in die omgewing te werk. Nelspruit is ook waar hy sy vrou, Arina, ontmoet het en hulle is in 2020 getroud. "Die Laeveld was nog net goed vir my," sê hy.

Sy sportprestasies het daartoe gelei dat hy 'n sportbeurs vir rugby aan die Universiteit van die Vrystaat verwerf het, waar hy sy drome van kleintyd in die landboubedryf voortgesit het deur 'n BA-graad in Landbou te verwerf. Verder het hy ook later daar 'n Besigheidskool-sertifikaat in Leierskap in Verbindingsekonomie behaal. Ná sy studies het hy aangehou om die akademie hoog te ag, en hy het in die volgende paar jaar die CropLife-kursus en FERTASA se BASOS-kursus voltooi.

"Vooruitgang lê in kennis. Ek hou daarvan om voortdurend te leer en navorsing te doen oor die dinge waarin ek belangstel," vertel hy.

Ruan het sy loopbaan in 2014 op die Hoëveld van Mpumalanga begin as 'n Veldbestuurder vir COFCO International SA. Dit is hier waar hy sy kundigheid in gewasse soos mielies, sojabone en koring opgebou het deur verantwoordelikheid te neem vir die begroting, voorbereiding, ontwikkeling en implementering van gewasproduksieplanne. In 2018 het hy na die Laeveld area teruggekeer, waar hy as 'n Verkoopsbestuurder by Syngenta SA werksaam was. In sy nuwe rol was hy hoofsaaklik verantwoordelik vir verkope, die implementering van sleutelrekeningstrategieë en die opleiding van agente en boere.

Die hoofgewasse waarmee hy vanaf 2018 in sy rol by Syngenta werksaam was, is avokado's, makadamias, mango's en sitrus.

As 'n kranige visserman neem hy sedert 2019 maandeliks kompeterend deel aan die *Lowveld Bass Trial*. Verder geniet hy ook tyd op die gholfbaan en die Bosveld is na aan sy hart. Hy en sy vrou besoek gereeld die Krugerwildtuin en in die wintermaande probeer hy jaarliks op die jagveld uitkom.

As Besigheidsbestuurder vir Laeveld Agrochem in die Laeveld, Mpumalanga en Limpopo sal hy werksaam wees in die omgewing van Hazyview, Hectorspruit, Lydenburg, Nelspruit en Marble Hall.

Met sy ervaring aan die produksiekant en ook aan die verspreidingskant van die bedryf, beskik Ruan oor 'n unieke agtergrond wat hom in staat stel om almal se behoeftes in te sien. Beide vanuit 'n produsent se oogpunt, maar ook vanuit 'n teoretiese en ekonomiese oogpunt.
Sodoende kan hy, saam met die agent, 'n holistiese oplossing aan produsente bied. Met behulp van Laeveld Agrochem se wye reeks gewasbeskerming- en plantvoedingsprodukte asook presisieboerdery-dienste is dit dan gefokus op 'n spesifieke behoefte of probleem, wat volhoubare landbou tot gevolg het.

Hy is opgewonde om sy kennis te deel, sowel as om te leer by Laeveld Agrochem se gekwalifiseerde landboukundiges, hul span tegniese spesialiste en die wêreld se bekendste navorsingsgedrewe maatskappye wat produkte en dienste aan Laeveld Agrochem verskaf.

Ruan sluit af: *"Filippense noem dat dit God is wat ons gewillig en bekwaam maak om Sy wil uit te voer. Ek streef elke dag daarna om Sy wil tot die beste van my vermoë uit te voer. My werk is ook my roeping en ek glo dat dit hier is waar ek werklik 'n verskil kan maak."*

As Besigheidsbestuurder is Ruan in diens van Laeveld Agrochem en verdien hy 'n vaste salaris. Die feit dat hy dus nie aangespoor word deur kommissie of verkope nie, maak dat hy totaal onafhanklik optree en werklik goeie, objektiewe raad en advies saam met die agent, aan die kliënt verskaf. Dit is sukses, eerder as geld, wat hom dryf en daarom neem hy weldeurdagte besluite met langtermyn voordele.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.

Agri Technovation